Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Werwing en Keuring

Verwysing: 20200423-6134
Lêerno.: 3/3/2/3
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0020/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Omskakeling van die aanstelling van posvlak 1-opvoeders van tydelik na permanent, ingevolge artikel 6(b) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998).*

**Onderwerp: Omskakeling van die aanstelling van posvlak 1-opvoeders van tydelik na permanent, ingevolge artikel 6(*b*) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)**

1. Hierdie omsendbrief is hersien en herroep en vervang Omsendbrief 0055/2015 van 08 Oktober 2015 en Omsendbrief 0006/2019 van 05 Januarie 2019 in sy geheel.

2. Artikel 6(*b*) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (WIO), 1998 (Wet 76 van 1998), maak voorsiening vir die omskakeling van die aanstellingsposisie van opvoeders van 'n tydelike/kontrakpos na 'n permanente pos.

3. 'n Tydelike opvoeder verwys na 'n opvoeder wat tans in 'n tydelike hoedanigheid vir 'n geslote tydperk in 'n goedgekeurde substantiewe vakante posvlak 1-pos by inrigtings aangestel is, insluitende terapeute, sielkundiges en beraders op intreevlak. Hierdie omskrywing is nie van toepassing op opvoeders wat in 'n waarnemende hoedanigheid in vakante substantiewe bevorderingsposte aangestel is nie, of op aflossers vir permanent-aangestelde opvoeders wat om welke rede ook al afwesig is nie.

4. Indien die tydelike opvoeder voorheen as 'n permanente opvoeder aangestel was en die opvoeder se permanente aanstelling weens vroeë aftrede, swak gesondheid of vrywillige uittrede beëindig is waar die opvoeder 'n skeidingspakket ontvang het, mag 'n tydelike opvoeder nie tot 'n permanente opvoeder omgeskakel word nie, tensy die Hoof van Departement (HvD) anders bepaal.

5. Die omskakeling van 'n tydelike aanstelling na 'n permanente aanstelling, geskied na goeddunke van die Hoof van Onderwys.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2000
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

6. Ingevolge artikel 6(*b*) van die WIO, 1998 (Wet 76 van 1998) en in ooreenstemming met Kollektiewe Ooreenkoms Nr. 4 van 1998 van die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) die volgende kriteria vir die omskakeling van die aanstellingsposisies van opvoeders van tydelike na permanente poste aanvaar:

6.1 Die permanente aanstelling moet gemaak word in 'n vakante substantiewe posvlak 1-pos, insluitende terapeute, sielkundiges en beraders op intreevlak. Die pos moet in die goedgekeurde opvoederdiensstaat van die skool verskyn.

6.2 Die betrokke opvoeder moet, ten tyde van die aansoek vir omskakeling, reeds vir 'n ononderbroke tydperk van drie maande in 'n tydelike hoedanigheid aangestel wees.

6.3 Om vir die omskakeling van sy/haar tydelike/kontrakposisie na permanent oorweeg te word, moet die opvoeder moet aan die volgende kriteria voldoen:

6.3.1 professioneel gekwalifiseerd wees vir die onderwysprofessie;

6.3.2 gepas gekwalifiseerd wees om die vak en die fase waarin die aanstelling gemaak sal word, te kan onderrig;

6.3.3 voldoen aan die inherente vereistes verbonde aan die pos, waarin sy/haar omskakeling gemaak sal word;

6.3.4 by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders geregistreer wees.

7. 'n Tydelike opvoeder mag slegs permanent aangestel word in 'n befondsde substantiewe en vakante posvlak 1-pos by 'n openbare skool wat op die goedgekeurde opvoederdiensstaat is. 'n Tydelike opvoeder mag slegs permanent in so 'n pos aangestel word as die pos nie gevul kan word nie deur:

7.1 'n permanente opvoeder wat vir die pos kwalifiseer en addisioneel tot die opvoederdiensstaat is; of

7.2 'n aansoeker wat vir die eerste keer aansoek doen aan wie die werkgewer 'n kontraktuele verpligting het om die aansoeker aan te stel ingevolge die beurs wat aan die aansoeker toegeken is; of

7.3 enige ander aansoeker wat vir die eerste keer aansoek doen; of

7.4 die tydelike opvoeder wat nie uitgesluit kan word ingevolge die bepalings van paragraaf 4 hierbo nie.

8. Artikel 6(*b*) van die WIO, 1998 (Wet 76 van 1998) bepaal dat die HvD, na oorlegpleging met die beheerliggaam van 'n openbare skool, die tydelike aanstelling van 'n opvoeder wat in 'n pos op die opvoederdiensstaat van die openbare skool aangestel is, kan omskakel na 'n permanente aanstelling in daardie pos, sonder die aanbeveling van die beheerliggaam.

'n Omskakelingsaansoek moet in oorleg met die beheerliggaam gedoen word. In die onwaarskynlike geval waar die beheerliggaam en/of die prinsipaal nie die omskakeling van die opvoeder se aanstellingsposisie van tydelik/kontrak na permanent ondersteun nie, <u>MOET</u> die prinsipaal die opvoeder se aansoek en 'n skriftelike en geldige motivering waarom die omskakeling nie kan plaasvind nie, indien.

9. Dienende aflos-opvoeders kan ook vir permanente aanstelling oorweeg word, ingevolge die maatreëls wat in hierdie omsendbrief uiteengesit word, indien die pos vakant raak terwyl daar in die pos afgelos word en die opvoeder aan die vereistes voldoen. Beheerliggame en prinsipale moet toesien dat die uitsluitings wat in paragraaf 4 genoem is, toegepas word.

10. Die WKOD bevestig dat die omskakelingsproses wat ingevolge artikel 6(*b*) van die WIO, 1998 (Wet 76 van 1998) uiteengesit is, voorsiening maak vir omskakeling gedurende die akademiese jaar.

11. Die prinsipaal van die skool moet die versoek vir die omskakeling van die opvoeder van tydelike aanstelling na permanente aanstelling skriftelik by die departement se distrikskantoor indien OF 'n tydelike/kontrak-opvoeder wat wil aansoek doen vir die omskakeling van hul tydelike/kontrakaanstelling na permanente aanstelling, ingevolge artikel 6(*b*) van die WIO, 1998 (Wet 76 van 1998). Hy/sy moet ingevolge paragraaf 8 'n volledig voltooide DPE1-vorm (aansoekvorm vir aanstelling) en 'n motiveringsbrief via die prinsipaal by die WKOD indien.

12. Hierdie omsendbrief is van toepassing op alle openbare skole.

13. Prinsipale word versoek om te verseker dat hierdie omsendbrief onder die aandag van die beheerliggame en opvoeders gebring word.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2020-07-23